

Blom tussen die dorings

In die hart van Frankryk het Kaapse toeris Lanie van Reenen op 'n dag op 'n verwaarloosde chateau afgekom. En net daar maak haar lewe 'n nuwe draai. Saam met spoke en vennote en met harde werk is dié ou madame in die spoggerige Hôtel Château Sallandrouze omskep. Deur Annemarie van Niekerk. Foto's Gerda Genis en Robbert Koene

Sprokieskastele in verre lande en beeldskone prinsesse wat soms opgesluit in dakkamertjies op prinse wag om hulle te kom red ... Dit behoort tot die storieboeke van my kinderdae.

Tot anderdag, toe ek sien daar bestaan sowaar nog mense wat sulke fantasieë waar maak. Oud-Kapenaar Lanie van Reenen is só 'n vrou. Sy's so mooi soos die sprokiesprinsesse en sy woon in 'n chateau in die diepste hart van Frankryk. Maar sy's nie so pieperig soos die bleek prinsesse van ouds nie. Sy's 'n *girl* met *guts* en wag nie op 'n prins om haar tot lewe te inspireer nie. Inteendeel. Sy gryp die lewe by die horings en ry hom bloots. En sy's nie bang vir kanse waag nie.

Jare lank was sy die eienares van die gastehuis Welgelegen in Oranjezicht. In die gastehuisbedryf was sy "van geweet". Buitelandse besoekers aan Kaapstad wat Europese styl en standaarde gekombineer met Suid-Afrikaanse hartlikheid wou hê, het geweet waar om aan te klop.

Toe sy 'n paar jaar gelede 'n aanbod vir Welgelegen kry wat nie te versmaai was nie, het sy die kans gewaag. Dit was 'n kruispunt. Nou kan ek óf iewers rustig gaan sit en oud word, óf ek kan 'n opwindende nuwe lewe begin, het Lanie gedink.

Sy wou nie dadelik besluite oor haar toekoms neem nie en is eers op 'n kook- en kuiervakansie Frankryk toe. So kom sy toe op 'n negentiende-eeuse chateau in die plattelandse dorpie Aubusson af. Die dorpie lê tussen die kronkelende riviere van die Franse Limousin-streek, daar waar charólais-beeste rustig op die vloeiende heuwels wei, soos hulle eeue lank al doen.

Die chateau was te koop en sonder veel aanmoediging het sy via haar gasheer 'n afspraak met die eienares gemaak. Opgewonde, maar nie sonder 'n tikkie skeptisisme nie, is sy saam met die madame na die herehuis ... teen die kliptrappe op, tot by die massiewe houtdeure.



"Sy was van die eerste oomblik af vir my onweerstaanbaar," vertel Lanie oor die kasteel. "Ek kan nog die koelheid van die soliede granietsteenmure onder my handpalms onthou, die hout-en-glas deure gebrandskilder in Aubusson se draakembleem, die breë gange, die vyf meter hoë plafon en die Franse eikehoutvloere."

Stadig maar seker het haar idee om die kasteel in 'n boetiekhotel te omskep, vorm aangeneem. "Die plek het daarvoor gevra – ek kon my gaste al onder die pergola langs die vywer sien sit en *champagne* drink of deur die roostuine wandel, die sous-chef in die kombuis hoor werskaf, die *femmes de chambre* spierwit Franse linne sien opvou ... " sê Lanie. Met háár gene en die gene van die verwaarloosde maar statige dame op die heuwel was daar vanaf die oomblik *go* 'n chemie wat nie ontken kon word nie.

Hoewel die plek heelwat restourasie nodig gehad het, kon ek sien dat dié madame in haar dae inderdaad skitterende sjarme geken het.

"Hoewel die plek heelwat restourasie nodig gehad het, kon ek sien dat dié madame in haar dae inderdaad skitterende sjarme geken het. Met 'n goeie argitek en interieur-stilis kon sy tot haar eertydse glorie herstel word."

Van daar af het Lanie die wiele laat rol. 'n Paar entoesiastiese en ewe voortvarende Suid-Afrikaanse vennote en voilà! die papiere was geteken. Met argitek Wynand Wilsenach van Kaapstad is die huis opgemeet en planne opgetrek en saam met vriend Hardy Olivier het sy die projek bestuur. Sy het haar intrek in een van die solderkamertjies in die kasteel geneem. Nie omdat sy op 'n prins se kus of 'n towenaar se staf gewag het nie, maar omdat die groot, leë kamers in die res van die huis nog onbewoonbaar was.

Soms, gedurende lang, koue reënnagte (met lekkende dak!) kon sy sweer dat sy nie alleen was nie. Maar geleidelik het sy en Château Sallandrouze mekaar se geluide leer ken en verstaan.

Uit haar solderkamertjie het sy toegekyk hoe die deeltjies van haar legkaartdroom bymekaarkom – haar weerspannige dame word getem, maak nie saak wat dit kos nie! Elk van die tien kamers het 'n luuksebadkamer met Franse kalksteenvloere bygekry, terwyl die baddens, wasbakke, vloer- en muurteëls uit Suid-Afrika laat kom is.

Daar moes volgens Franse regulasies ook spesiale badkamers wees vir mense in rolstoele, daar moes 'n hysbak in die huis kom, kamerdeure moes verskuif word sodat elke kamer se deur in die geval van 'n brand binne 'n bepaalde afstand van 'n uitgang was.

Lanie se sin vir die estetiese en fyn detail het haar verder gedryf. So is die palet van die interieur aangepas by 'n tint wat oorspronklik in die huis gebruik is. Hierdie kleur is behou op kroonlyste, deure en rame. En toe daar in 'n kluis op die perseel ou aandelesertifikate met die handtekeninge van die oorspronklike Sallandrouze-familie ontdek is, het sy besluit dit moet gebruik word as motief op die materiaal wat spesiaal vir Sallandrouze ontwerp sou word.

Ondanks haar besluit om die statige Belle Époque-styl van weleer te behou, was sy nie bereid om buitensporige Franse pryse daarvoor te betaal nie. 'n Boer maak 'n plan, al sit sy in Frankryk. Sy het haar meubelrame in Kaïro gaan koop, dit na Suid-Afrika verskeep waar dit met verftegnieke en luukse materiale in individuele kunswerke omskep is. Daarna is dit teruggeskeep na die naaste Franse hawe en daarvandaan na die afgeleë Aubusson vervoer. Die inhoud van die kratte is eers oorkant die pad in 'n kerkie gestoor en soos die kasteel opgeknap is, is die meubels een vir een oorgedra.

Soos die kratte uitgepak is, die werkers, raadgewers en personeel rondgeskarrel het, en die huis en grond stapsgewys getransformeer is, het die dorpsbewoners wat aan die begin skepties en neusoptrekkerig verbygestap het, langer begin staan om te kyk wat aangaan.

"Ek dink ek het hulle verbaas. Hulle het aan die begin gedink ek's *the mad woman in the attic*. Maar nou's ek deel van die eeue oue storie van Château Sallandrouze. As iemand eendag, lank ná my, weer hier kom karring om die plek oor te doen, sal my gees ook ondersoekend in die gange ronddwaal, soos diegene wat snags hier by my ronddwaal om te kyk wie nou weer wat aan die doen is," sê sy met 'n ondeunde glimlag. "Ek werk té hard om Sallandrouze ooit van my te kan afskud. Harde werk bind jou siel aan 'n plek."

Uiteindelik het die burgemeester haar vir 'n koppie tee genooi. Sy't gedog dis 'n teken van aanvaarding, maar het gou agtergekom dit was 'n manier om by haar te hoor watter voordele haar teenwoordigheid nou eintlik vir die gemeenskap sou inhou.

"Ek was 'n bietjie onkant betrap. Ná 'n effense rondtrappery stuur ek die gesprek toe in die rigting van my passie vir fietsry. Dit was 'n goeie skuif. Die Franse is mos mal oor fietsry. Toe ek die burgemeester – self 'n fietsryer – se entoesiasme opmerk, het ek skielik presies geweet wat ek vir die gemeenskap kon doen. Selfvoldaan vertel ek hom toe dat ek 'n fietsryklub gaan stig.

"Wel, dit was 'n minder goeie skuif. Monsieur die burgemeester







het my so 'n skuins kyk gegee en gesê, 'of jy kan aansluit by óns klub wat al meer as honderd jaar oud is'.

"Toe ek druipstert na my kasteel toe terugloop, het 'n stemmetjie in my binneste vir my verduidelik: Jy's in die land van die Tour de France, blondie – hiér gaan jy niemand iets van fietsry leer nie. Maak nie saak hoeveel keer jy al die Argus gedoen het nie."

Lanie is 'n vasbyter. Al kon sy aanvanklik min Frans praat in 'n dorpie waar die mense skaars Engels verstaan, en al het sy haar tee met die burgemeester opgedinges, het sy haar kasteel stadig maar seker getransformeer in die grasieuse Hôtel Château Sallandrouze. Die dorpenaars praat van Maison Rose, die pienk huis, wat so grasieus (en 'n bietjie arrogant) oor hul dorpie heenkyk.

Maison Rose mag maar so 'n bietjie arrogant kyk, want sy't 'n ou geskiedenis wat strek vanaf 1883 toe dit vir Gabriel Charles Sallandrouze se familie gebou is. Hy was een van Aubusson se grondbaronne wat die tapisseriebedryf, ook in sy sukkelende jare, orent gehou het. Van sy destydse status getuig monsieur Sallandrouze se graf en marmerborsbeeld in die familie se twaalfde-eeuse klipkapelletjie van St Jean de la Cour, oorkant die straat.

Lanie en haar vennote het ook die kapelletjie gekoop en dit omskep in 'n plekkie vir huwelikseremonies, na afloop waarvan die paartjie in Château Sallandrouze 'n stylvolle wittebrood kan hê.

Aubusson, 90 km vanaf Limoges en maklik vanuit Parys per vliegtuig of trein te bereik, het eeue lange glorie beleef as die mekka van die weefbedryf in Frankryk. Maar vandag is dit 'n beskeie dorpie met klipstraatjies waar jy by die plaaslike *boucherie* jou vleis gaan koop terwyl jy 'n geselsie aanknoop, soggens jou vars brood by die *boulangerie* en fyner gebak by die *pâtisserie* gaan haal en jou groente en vrugte kraakvars by die mark gaan koop.

Intussen het Lanie haar droom tot volvoering gebring en in Augustus 2008 is die deure van haar kasteel met sy tien luukse-slaapkamers en twee selfsorgwoonstelle oopgemaak vir die eerste gaste – nie net vir akkommodasie nie, maar ook vir palet-tintelende middagetes of deftige Franse dinees. Altyd met uitmuntende Franse of Suid-Afrikaanse wyne. En vandag kan hierdie ou dame van Aubusson weer haar leuse gestand doen: *inter spinas floret* – om tussen dorings te blom.

Tariewe Kamer vir twee in Hôtel Château Sallandrouze: vanaf €140 - €230 per kamer per nag; ontbytbuffet ingesluit (kinders ook welkom) Driegangaandete met Franse wyn: vanaf €45 Middagete in Café Sallandrouze met Franse wyn: vanaf €25

Kontakbesonderhede Besprekings: Hôtel Château Sallandrouze 021 423 1931 (Kaapstad), 0033 (0)5 55 67 53 92 (Frankryk). info@sallandrouze.com; www.sallandrouze.com